

Daar is ewige hoop

Teks: 1 Korinthiërs 15:12 - 34 & Sondag 17

Teksvers: 1 Korinthiërs 15:20

1. Inleiding

Geliefdes ons in vandag in ons reeks preke oor die apostoliese geloofsbelydenis by Sondag 17. In sondag 17 staan ons stil by die opstanding. En saam met al die ander bonatuurlike sake in die Bybel word die opstanding uit die dood ook vandag bevraagteken. Daar word in wetenskaplike kringe beweer dat wanneer iets dood is, dan is daar nie meer lewe nie. En daar is ook nie 'n kans op lewe nie. En dit is natuurlik, die natuurlike gang van dinge

Maar wanneer ons van ons Here Jesus Christus praat dan weet ons as gelowiges dat ons van God praat. En God is bonatuurlik, daarom is God ook nie gebind aan die natuurwette nie. Daarby is dit vir ons as gelowiges baie belangrik dat Jesus uit die dood opgestaan het. Die volle belangrikheid hiervan sal in die prediking nog duidelik word.

Tog is daar al reg deur die eeue teenstand, teen hierdie opstanding van Christus uit die dood. Jesus Christus verkondig tydens sy aardse bediening reeds, dat Hy uit die dood sal opstaan. En die priester en familiehoofde hoor dit. Hulle is ook bang dat hierdie verkondiging van Jesus waar is. Daarom sien ons dat hulle ook die wagte in Matteus 28:12 & 13 omkoop om te sê dat Jesus se liggaam uit die graf gesteel is.

Verder kry ons ook met die Sadduseërs in die Bybel te doen. Dit was 'n groepering wat opstanding uit die dood ten sterkste teengestaan het. Daar was hulle dan ook gewoonlik te vind aan die opponent kant van die Here. Maar watter nut hou die opstanding uit die dood vir die evangelie as 'n geheel in?

2. 'n Halwe evangelie

Om hierdie vraag te antwoord moet ons 'n tree terug neem. Kan 'n saggemaakte wetenskaplik natuurlike evangelie aanvaar word. Ek bedoel, 'n evangelie wat net bestaan uit die elemente en komponente wat wetenskaplik en natuurlik aanvaarbaar is. Is so evangelie steeds reddende krag? Is dit wat fout is met ons, so min dat so evangelie dit kan regstel?

Paulus antwoord eintlik al hierdie vrae vir ons in vers 19 van ons teksgedeelte. "As ons net vir hierdie lewe ons hoop op Christus vestig, is ons die bejammerenswaardigste van alle mense." Want dan hou ons vas aan 'n halwe evangelie. En ons weet as gelowiges dat 'n ware vashou en uitleef van die evangelie, alles behalwe luuks en glorieryk is. Van hierdie saak kan ons broers en susters in die vervolgte lande getuig.

Want die dit is juis die opstanding uit die dood wat vir ons die volkomenheid van die offer van ons Here Jesus Christus bewys. Daarom se sondag 17: Hy het deur sy opstanding die dood oorwin. Daarom is 'n evangelie wat die opstanding uit die dood verwerp, nog nie klaar nie. Dit is 'n halwe evangelie waarin die Satan nog nie oorwin is nie.

Deur dit aan te hang staan 'n mens aan die kant van die skrifgeleerdes en saduseërs. Aan die kant van die wagte wat betaal word om die leuen te versprei. En alhoewel daar dan nie hoop vir die ewige lewe is nie. Bly daar ook nie veel hoop oor vir hierdie lewe nie. Want dit is juis die hemelse perspektief wat ons as gelowiges moet en hoop gee in moeilike tye. Dit laat ons uithou want ons weet daar is iets groter as ons. Verder weet ons ook dat ons deel is van hierdie groter saak. So deel dat ons eendag sal met die Here die hemel sal bewoon. Dan is die leë graf vir ons 'n troos en nie 'n probleem nie.

3. Eersteling uit die dood

Ons leer in die skrif Jesus ken as God immanuël, dit is veral net voor Jesus se geboorte in Matteus 1:23 dat ons hierdie term aantref. God met ons, beteken dat Jesus Christen wat God is met ons as mense kom bemoeties maak. Op 'n baie persoonlike vlak kom Jesus en leef tussen ons. Maar in hierdie saamleef sien ons ook dat Jesus sy roeping kom vervul. Hy is ons verlosser. En Hy kom red ons uit die dood.

Daarom soos ons teksvers sê is: Christus opgewek uit die dood, as eersteling uit dié wat gesterf het. God se doel is reg van die begin af nie dat ons verewig in hierdie gebroke wêreld leef nie. Die mens is nie verewig uitgelewer aan die bose nie. Ons sien in 21 en 22 dat die dood deur Adam en ons verbondenheid aan hom gekom het. Maar reeds direk na die sondeval in Genesis 3 sien ons in Gen 3:15 "Hy sal jou die kop vermorsel". Hierdie uitspraak dui op die oorwinning wat die Seun van die mens oor die bose sal behaal.

En deur hierdie oorwinning word Jesus die eerste persoon wat uit die dood opgestaan het. En daarin sien ons dat die dood oorwin is. Aanvanklik het selfs die dissipels nie eers hierdie opstanding uit die dood verstaan nie. Ons sien dat Thomas selfs getwyfel het, totdat Hy fisies die Here kon aanraak.

Maar in handeling 2 word die dissipels deur die Heilige Gees toegerus om hierdie boodskap van genade en hoop uit te dra. Soos wat Johannes die dooper die pad vir die Here moes kom gelyk maak, word die apostels geroep om die pad vir die wêreld aan te wys. Daarom is dit steeds vandag die kerk se werk om die pad vir wêreld aan te wys.

4. Die pad vir ons

Maar om ons sien ons ook soms gelowiges vra soos thomas: "Here, ons weet nie waar U gaan nie, en hoe kan ons die weg ken?" Dan kom die antwoord van ons verlosser weer tot ons. "Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie." Jesus Christus herstel die pas terug na die Vader die pad wat ons sondes kom verbreek het. Daarom is Jesus Christus die pad wat die kerk moet verkondig.

En hierdie pad is ook vir ons. Ons sien in vers 22 dat ons 'n verbondenheid aan Christus het. Daarom is hierdie pad terug na die Vader ook vir ons. Jesus Christus het vir ons hierdie weg berei, omdat Hy al ons sondes op hom geneem het. Hy is in ons plek gekruisig en deurboor. Sodat ons skoon gewas as heiliges voor die Here kan staan.

Dit is 'n genade so groot en ryk ons kan dit nie besef, besyfer of bevat nie. Daarom kan ons nie anders as om in dankbaarheid Christus na te volg op hierdie pad deur die dood heen terug na die hemel nie. Want as gevolg van dit wat Christus gedoen het, is hierdie pad nie meer vir ons 'n doodemars nie. Nee, dit is nou 'n triomftog oor die vyand. En soos 2 Korintiërs 2:14 sê: neem Christus ons altyd saam op hierdie triomftog van Hom.

Tog is dit ook belangrik om in hierdie genade perspektief van die Heiligheid van God te behou. Christus is die eersteling uit die dood, en daarna sal ons volg uit die dood. Maar die ereplek die hoof van die Kerk by altyd die plek van Ons Here, Christus Jesus. En daarom moet ons lewens ook van hierdie hoop op redding spreek. Mens moet kan sien ons is oppad.

5. Slot

Ons kan ten slotte se dat die belangrikheid van die opstanding nie ontken moet word nie. Dit is juis in die opstanding wat ons Christus se oorwinning oor die dood sien. Ons moet egter bely dat ons in ons sondigheid so vasgevang is in hierdie wêreld. Ons het ingeburger geraak in ons tentwonings.

Daarom leef ons nie meer met die hemelse perspektief, wat eintlik deel van ons lewens moet wees nie.

Maar ons kan vandag deur die kragtige werking van die Heilige Gees weer hierdie waarheid omhels. Ons kan seker wees dat omstandighede om ons nie is soos dit behoort te wees nie. Daarby het ons die vertroosting dat ons dood nie die finale sê oor ons het nie. Ons dood is maar net 'n deurgang na die ewige lewe.

Christus van die eersteling wat hierdie pad geloop het, maar hierdie pad is ook vir ons beskore en bestem. Ons het ook die voorreg op in die triomftog van Christus hierdie pad te loop. Daarom het ons hoop. Hoop wat alle verstand te bowe gaan. Omdat dit hoop is wat van buite hierdie wêreld kom. Hoop wat kom vannaf die skepper van alle dinge God die Vader. Hoop wat verder strek as hierdie aarde. Hoop wat ons laat met 'n hemelse perspektief en fokus.

Amen.